14.02.2020

CityKidz Kletsblad

bied aan

Valentynsdag

Sponsbrein!!

Wat is die naam van die virus wat onlangs in Sjina ontstaan het?

Antwoord op vorige vraag: Harry en Megan

Volg ons op:

Instagram

twitter

Ons Flink-Dink woorde!!

liefde (love)

gelukkig (happy)

sjokolade (chocolate)

liefdesbriefies (love letters)

harte (hearts)

Graad 2 Afrikaans

Uit die pen van Juffrou Marcherie Strydom

Afrikaans is mos lekker in die klas.

Ons is bederf met hierdie wonderlike boek: Stap vir Stap Afrikaans. Ons gebruik hierde werkboek in die klas en as huiswerk.

Dit maak die leer van Afrikaans soveel beter en ons geniet dit baie om in die boek te werk. Ons leer sommer ons ouers ook Afrikaans met die huiswerk deel wat ons kry om te doen.

Afrikaans is lekker, dit weet ons tog: Ons lag, leer en speel met woorde rond. Ons raak slimmer en dit is sommer net vet pret!

Afrikaans, soos die boek, vat ons dit stap vir stap.

Groete
M Strydom



Kletsblad Berigte

Liefde is mooi en raar.
deur Joy Okonkwo

Liefde is mooi en raar,
Liefde is verdraagsaam, regverdig en 'n pragtige gebaar.
Liefde is die geskenk wat aan almal gegee word.

Die reenboog in die lug, gee kleur aan die lewe.
Liefde het verskillende skakerings.
Wees lief vir almal.

Gelukkige Valentynsdag.

Valentynsdag
deur Thamsanqa Ndlovu

Valentynsdag,
So 'n wonderlike dag.
'n Dag van liefde, rose en harte.

Op die dag is daar liefde in die lug,
Liefde vir elke gesig.
Liefde het geen perke.
Liefde is 'n woord hertkenbaar in enige taal.

Gelukkige Valentynsdag